Nanelle Aggenbach

Nanelle is ons hemelkind!

Sy is op die 2 Maart 2003 08:15 op 26 weke met ‘n noodkeiser “verwyder” agv pre-eclamsia. Sy was 33,3cm lank en het 650g geweeg, maar het gelewe en lewe tot vandag toe! Niemand het hoop gehad en almal het ons gewaarsku “verwag maar die ergste”! Sy was 3 weke oud toe die pediater ons meedeel dat die gaatjie by haar hartjie (wat met tyd self toe moes gaan) nie wou toegaan nie. Verskeie medikasie is prober, maar niks het gewerk nie en is ons toe meegedeel dat sy moet oorgeplaas word na Sunninghill in Johannesburg, waar ‘n kardioloog haar onder sy sorg sou neem. So is sy toe per Helikopter (Star) afgevlieg na Sunninghill. Nanelle het op daardie stadium 850kg geweeg.

Die kardioloog het besluit om die volgende dag te opereer. Op 25 Maart 2003 het Nanelle die hartoperasie ondergaan en weereens is daar net vir ons gesê “verwag liewer die ergste”. Weereens het sy net sterker en sterker geword totdat ‘n maag fungus / virus sy opwagting maak en haar voedings belemmer het. Weereens het sy dit ook oorleef.

Nanelle was 1 maand en ses dae oud toe die pediater ons op die 8 April 2003 meedeel dat haar bloed vir HIV getoets was en die resultate positief is. (Sy moes elke 2de / 3de dag bloed gekry het) Dit het vir ons gevoel of ons wêreld om ons tot stilstand kom – niks maar niks kon vir ons erger gewees het nie en het dit vir my gevoel of die Here ons verlaat het! Maar tog is Hy ons Trooster ons Versterker wat ons optel sodat ons daar kan wees vir ons mense wat ons nodig het. Dit is wonderlik hoe vinnig ons toe kon leer wat HIV regtig is, toe dit eers op ons pad kom, want sulke dinge gebeur mos nie met jou nie! Die pediater het ons meegedeel dat hulle nog ‘n toets sou doen (PCR) en twee dae later het ons die uitslae ontvang – NEGATIEF – verslae, maar tog ekstaties van blydskap kon ons nie glow at gebeur nie, en al verklaring wat ons kry “kontaminasie in die laboratorium”. Ons was so kwaad, maar tog so bly!

Nanelle het toe net beter en beter geword en is na 12 weke en 3 dae uit die hospital ontslaan to sy 2 maande en 25 daggies oud was. Sy het diep in Oupa en Ouma se harte gekruip en is ‘n gesonde en lewenslustige dogtertjie, maar sy kan ongelukkig nie “huppel” nie want sy het erge cerebrale parese (sy is ‘n hemipleeg) met verkorting van bilateral tendon achilles (haar regterkantste beentjie is korter as die linkerkant) en dan het sy erge lompheid met ge-fikseerde vermeerderde femorale anteversie (sy loop met haar voetjies na binne), maar dit kan wel met ‘n operasie herstel word, al problem, haar ouers het nie ‘n mediese fonds nie, en ons wil haar so graag help. Dokter kan haar volgende jaar Mei maand opereer, en die operasie en na-sorg (fisioterapie) gaan om en by R100,000 kos.

Nanelle is ons wonderwerk, ons trots en ons hart se punt – ons engel van Bo!!